# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

Mei 2019
Jaargang 35 Nr 2

# Het jy onuitspreeklike blydskap?

**1Petrus 1v8 : "...Vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog lief het; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n *onuitspreeklike* en heerlike blydskap,"**

## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Wat is Innerlike vreugde
3. Hoe kry ek Innerlike vreugde
4. Hoe lyk ek in die afwesigheid van innerlike vreugde
5. Fisiese gevolge van Innerlike vreugde
6. Jubel oor Christus - Neville Boy
7. Wees altyd bly - Ds. Laufs
8. Die geheim van onuitdrukbare vreugde -Carina du Preez
9. Kerksang in die Gereformeerde Kerk - Ds. Laufs
10. Verjaarsdae - Kitty van der Walt
11. Pitkos
12. Praktiese idees vir as jy gefrustreerd is

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

Brief van die Redaksie

Dit is met groot dankbaarheid dat ons hierdie uitgawe begin. Verlede kwartaal het ons stilgestaan by siektes. Hierdie keer kyk ons na Vreugde. Ons leef so dikwels net om te oorleef dat ons nie besef dat dit soos Ds. Laufs in sy skrywe uitwys 'n opdrag van God is om met vreugde te lewe nie.

Ons draai ons oë uit na dit wat om ons gebeur in die land, die politiek, die droogte , die morele verval, ander se omstandighede of ons kyk na ons eie omstandighede en siektes en swaarkry. Ons word so gebombardeer deur alles om ons dat ons, ons oë afhaal van God. Ons verloor fokus. Ons bring die wêreld in ons harte, liggame en verstand inplaas daarvan om uit te gooi na buite en vol te maak met God.

Tydens die werk aan hierdie uitgawe het ek en van die ander skrywers net besef hoe groot God se genade is. Hoe belangrik dit is dat ons , ons harte met vreugde moet vul. Dat ons nie kan bekostig om ons oë van God af te haal vir 'n oomblik nie. **Dat selffokus ons vreugde steel.**

Ek wil dan sommer hier my dankbaarheid betuig teen elke persoon wat bygedra het tot hierdie uitgawe. Tannie Kitty met haar versorging van elke Ramshoring , selfs onder moeilike omstandighede. Tannie is voorwaar 'n steunpilaar nie net vir my nie, maar vir baie mense in die gemeente. Baie dankie ook vir Adriaan en Martie Wolfaardt . Hulle hande is gretig en flink met die finale vou van die Ramshoring. Dankie, vir elke skrywer tydens hierdie en vorige uitgawes wat altyd instem om ietsie te skryf en werklik hart en siel daarin sit. Dankie, dat julle julle gawes gebruik waarmee God julle geseën het.

Die uitnodiging is dan ook daar vir elke een in die gemeente om jou skrywe te bring of enige iets wat jy kan bydra rondom die Ramshoring. Hierdie is 'n middel waarmee ons God se lig kan skyn.



Mag elke een in hierdie uitgawe ietsie vind wat jou sal konfronteer om ondersoek in te stel na jou eie hart. Ietsie kry wat jou so honger sal maak om onuitspreekbare vreugde te soek. Hierdie uitgawe het my weer geroep om aan te meld en te sê : "Hier is ek God. Wys my hoe kan ek U meer liefhê? Wys my Here wat ek moet neersit sodat U onuitspreekbare vreugde deur my kan vloei. Vader help my om U vreugde uit te straal sodat die wêreld kan vra :

" Wie is hierdie God wat jy dien?"

Redaksioneel

Daleen Venter



# Wat is Innerlike vreugde?

Baie dinge maak ons bly. Verskaf ons vreugde. As mens die meerderheid mense sou vra sal die antwoorde soos volg wees:

“ My kinders gee my eindelose vreugde.”

“My Tuin is ’n groot bron van vreugde vir my.”

“My weeklikse genot is om tyd aan my stokperdjie te spandeer.”

“My diere gee my baie vreugde.”

**Die meer eerlikes sal so antwoord:**

“ Ek leef om te eet.”

“ Dit verskaf my baie genot om saans net voor die TV neer te plof en niks te doen nie.”

“My enigste genot in hierdie lewe is my glasie wyn elke aand en nou moet ek hoor dit is nie goed vir my nie.”

“Facebook het soveel vermaak ek het nie sepies nodig nie. Sonder die genot sal my lewe maar saai wees.”

## Hierdie dinge is alles tydelik.

Meeste van hierdie dinge steel jou tyd. Tap jou leeg. As dit nie meer daar is nie los dit jou leeg en dor.

Kinders gaan uit die huis uit, jou tuin vrek saam met die water beperkings, jou stokperdjie steel jou geld , jou diere gaan dood, kos roof jou gesondheid die TV laat jou gesin uitmekaarval, drank laat jou net tydelik lekker voel, sosiale media steel jou vreugde.



**1Petrus 1v8**

**“...Vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog lief het;**

**in wie julle , al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle**

**verbly met ’n *onuitspreeklike* en heerlike blydskap,”**

Petrus praat hier van ’n vreugde wat nie klaar raak nie. ’n Vreugde wat in die diepste beproewing steeds daar is. Diepe onuitspreeklike vreugde kan nie in tydelike dinge gevind word nie.

**Romeine 14v17** Lees ons : ” Die koninkryk van God is nie ’n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.”

**Vrede en vreugde lê in die gehoorsaamheid aan God**

Ons lewe in ’n tyd waar dit okay is om nie voluit vir God te gaan nie. Die wêreld oortuig ons dat ons regte het. Ek het die reg om bietjie te rus voor die TV want ek werk so hard. Voor ek my oë uitvee het die TV , internet of wat se ontspanning ook al, al my tyd opgeëet, my kinders se kinderjare , dissipline en tyd gesteel.

Ons lewe in ’n tyd waar dit ons reg is om geregtigheid te soek wanneer iemand my te na kom. “My buurman kom nooit sy woord na nie so hoekom moet ek hom nou gaan help? Niemand gee om dat die Kerk se naam afgeval het nie...Hoekom moet ek? Hy het my geld gesteel, niemand kan my kwalik neem dat ek verbitterd is nie? My man help my nooit met niks in die huis nie, hoekom moet ek enige moeite vir hom doen? Almal kan op vakansie gaan , hoekom kan ek nie?”

**Dit is my reg as Man of Vrou of Kind of as Werker of Stemgeregtigde of Afrikaner of as Ma...**

Die ironie is so hartseer. Wanneer ons besef ons verdien niks. Wanneer ons ophou gryp na wat ons dink ons verdien ..dan kan God gee.

Kom ons dink bietjie so. Hoe voel dit vir jou as jou kind aandring op ’n nuwe kar want almal het ’n kar? As jou kind verwag jy moet klere, kos, vermaak verskaf want dit is sy reg? Hoe voel dit as jy alles insit om vir jou kind iets te doen en hy aanvaar dit maar net as iets wat moet gebeur? Nie lekker nie nè?

**Hoekom dink ons dan, dat dit ons reg is, om so te maak met God?**

Hier is nog ’n senaria. Jou vrou verdien haar eie geld en koop vir haarself alles wat sy nodig het en alles om haarself te bederf. Sy doen alles vir haarself en is totaal onafhanklik. Wat bly daar oor vir jou om vir haar te koop?

**Hoekom verwag ons dan van God om ons te versorg as ons vir ons self gryp?**





# Hoe kry ek Innerlike vreugde?

Wanneer ons besef ons verdien niks. Wanneer ons besef die feit dat ons wakker geword het, is genade. Wanneer ons om ons kyk en sien dat niks wat ons kan doen, kan enige van die seëninge wat in ons lewe is maak gebeur nie. Dan sak mens in diepe dankbaarheid voor God neer en prys en loof Hom.

Hoe kan ons wat maar ’n paar jaar lewe dink dat ons in ons kort leeftyd vir die enigste ware God wat al van altyd af daar is, kan sê wat Hy moet doen? Hoe ons dink ons lewe moet wees? Wat ons verwag Hy moet doen?

Wanneer ons kyk na dit wat ons het en God dank dat Hy dit so bewerk het dat ons in hierdie tyd met hierdie gawes, besittings, vriende , familie, gemeente geseën is..dan kan dit mos nie anders dat ons uitbars van vreugde nie?

Dan is alles mos ’n seën! Hoe kan ek kla oor my werk. EK HET ’n WERK. Hoe kan ek kla oor my vrou? EK HET ’n VROU.

Hoe kan ek mor oor ons regering? God het dit daar gestel en as Hy dink ek kan in **diè** tyd en met **diè** regering **sò** leef om Hom te eer...Hoe kan ek daaroor kla? Hulle is korrup en in die duister...MAAR God het my geKIES om in **diè** tyd te leef want in donkerte kan SY lig soveel helderder skyn! Hoe kan ek dan nie dankbaar wees vir ’n tyd soos **diè** nie?

Innerlike vreugde kom wanneer ons afstand doen van ons trots om ons eie lewe self te bestuur en oorgee aan God. Hom toelaat om ons lewe te bestuur. Afstand te doen van ons eie agenda en God se agenda te volg. As God VRA dat ons Hom moet liefhê met ons hele hart... moenie ander dinge liewer as Hom hê nie.  As God VRA vergewe , moenie verskoning soek nie. As God VRA versorg my huis moenie vingers wys nie.  As God VRA Hy soek jou tyd moenie dit vir ’n afgod gee nie.

God het nie jou tyd, jou geld  of jou liefde nodig nie. Sy skatkamers is onuitputlik. JY het nodig om jou tyd, jou geld,  jou liefde aan Hom te oorhandig sodat JY onuitputlike vreugde kan vind.



Matteus 3v 9

“Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself sê: Ons het Abraham as voorvader nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek.”



# Hoe lyk ek in die afwesigheid van innerlike vreugde?

Galasiërs 5 v19

Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend:

onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdiens,

towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies,

verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap,

uitspattigheid en al dergelike dinge.



## **Fisiese gevolge van innerlike vreugde**

## **Invloed van positiewe gedagtes op lyf**

Aanhaling Pieter van Jaarsveld uit Dink jouself gelukkig.

“In navorsing wat oor die dekades heen gedoen is, is bevind dat gelukkige mense met positiewe emosies minder vatbaar is vir ernstige siektes”.

Navorsing het bewys dat positiewe mense langer leef.

Daar is spesifieke neurone in die mens se brein , die sogenaamde spieël –neurone, wat onbewustelik die emosies van mense rondom ons bespeur. **Ons emosies het dus ook ’n invloed op ander**.

Navorsing het bewys dat ons onbewuste ons altyd beïnvloed. Op grond daarvan neem ons rasionele maar ook irrasionele besluite wat ons gedrag en gedagtes beïnvloed. Onbewuste, ongelukkigheid beïnvloed ons gedagtes en gedrag.”

Hierdie navorsing word gestaaf deur dit wat die Bybel lankal reeds leer:

Fil. 4 v8 “Verder broers alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is , alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, watter deug of lofwaardige saak ook mag wees, daarop moet julle, julle gedagtes rig.

Rom 12v2 “...laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.”

As jou gedagtes verander, verander jou emosies en so ook jou lewe.



“Baie interessant navorsing wys as hul ’n skandering op jou brein doen en jy beleef fisiese pyn, vlam ’n sekere deel van jou brein op. Dieselfde deel van jou brein vlam op wanneer ons **negatiewe woorde hoor oor onsself.**

**Sticks and stones can break your bones, but words can never hurt you.**

Wetenskaplik bewys dat dit nie waar is nie. **Afbrekende woorde registreer as pyn in jou brein**

**Aanhalings:**


Toksiese woorde kom van toksiese gedagtes wat ’n toksiese lyf tot gevolg het.

**David Brooks** sê : “Dit waaraan jy die meeste dink sal groei. Indien jy net aan jouself , jou talente en jou probleme dink, word jy jou eie afgod. Dit is nie net toksies vir jou gesondheid nie, maar ook ’n vorm van hoogmoed. Jy is ontwerp om ander te dien en lief te hê soos die Messias.

**Gwen Shamblin** is dit eens dat self fokus jou depressief maak. Sy sê ook “Jy raak verlief op dit waarop jy fokus.”

**Caroline Leaf** sê dat hoe meer jy op iets fokus hoe meer sal dit jou beheer.

**2 Korintiërs 10v 3** “Natuurlik leef ons in ‘n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasie en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.”






## JUBEL OOR CHRISTUS DIE FONDAMENT VAN JOU LEWE

**Skrifgedeelte: Esra 3: 6b – 13**

**Fokusgedeelte: Esra 3: 10 – 13**

Hierdie gedeelte sluit aan by hoofstuk 2 waar die oorblyfsel van die volk teruggekeer het uit ballingskap. Een van die eerste belangrike take wat hierdie mense moes verrig was die bou van die Tempel. Hulle Godsdiens lewe moet nou regkom en in orde wees.


Daar heers ‘n opgewondenheid aan die een kant. Aan die anderkant is daar ‘n traagheid. Dit neem twee jaar vir hulle om te begin ten spyte van geld wat alreeds daarvoor geskenk is. Die belangrikste plek om te begin bou is die fondament. Dit het nadat begin is redelik vinnig klaargekom. Die voltooiing van die tempel het uiteindelik oor die 20 jaar geneem. Maar hier in ons fokusgedeelte is die vreugde en blydskap te bespeur.

Vers 11 is duidelik hoedat die volk begin te jubel deur die volgende woorde te uiter: “Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie.” Dit ‘n aanhaling uit Psalm 136. Dit is gedoen want die fondament van die tempel is gelê.

Die lê van die fondament is baie belangrik vir ‘n gebou, en net so in die lewe van elke kind van die Here. Jesus Christus word gesien as die Hoeksteen van die gebou van God. Die Hoeksteen van ons lewens. Psalm 118 sluit aan by Psalm 136 en ons fokus gedeelte met die woorde : “Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie” (v1). Hier word daar verwys na Jesus Christus as die “klip wat deur die bouers afgekeur is”. Maar ons as kinders van die Here kan nie bekostig om Christus af te keur nie.

Die hoeksteun van 'n gebou was die belangrikste steen gewees. Hy is noukeurig op sy plek ingesit en al die ander stene is volgens daardie een steen neergelê. Jesus Christus is die Hoeksteen van ons lewens. Daarom moet ons toelaat dat die Gees van God ons neerlê sodat ons in lyn gebring kan word met Jesus Christus as ons Hoeskteen. Wanneer dit gebeur dan kan daar 'n gejuig en 'n gejubel wees omdat Jesus Christus aan hierdie gebou, ons lewens, ons Kerk, ons wêreld standvastigheid gee omdat Hy die belangrikste klip in die fondament van ons lewens is.

Ds. Neville Boy






## Wees altyd bly in die Here (Filippense 4 : 2 – 9)

## Ds. Dirk Laufs

### OPDRAG

Om gedurig "bly te wees in die Here" is 'n duidelike opdrag van ons Here. Hy ag dit só belangrik, dat Hy dit **herhaal!** Maw dit is nie maar net 'n ligte uitnodiginkie wat nagekom kan word of nié...Dit is 'n onontkombare vereiste wat die Heilige God aan elkeen van Sy kinders stel...!

Dit blyk ook dat dit **onontbeerlik** is vir die verloste gelowige se daaglikse lewe van dankbaarheid. Sonder hierdie diep innerlike daaglikse vrede-vreugde, is die verloste se lewe sonder die Lewegewende verbintenis met sy of haar Verlosser Jesus Christus en daarom ook sonder die vrug van God die Heilige Gees.

**DIE MANIER WAAROP HIERDIE VREUGDE VERKRY MOET WORD**

-Jou kop en hart se daaglikse bekommernisse moet elke dag voor God "leeg gemaak" word d.m.v. gebed wat smekend gedoen word;

-En dit nie maar net as 'n lysie wat afgerammel word nie, maar met diepe dankbaarheid : "**Dankie**, o Here, dat ek met my bekommernisse na U toe **mag** en **kan** kom".


-En as jou kop en hart "leeg gemaak" is voor God, moet jy dit nou weer "vol maak" met alles wat mooi en prysenswaardig en deugdelik is (maw alles wat jou God se heerlikheid in Sy skepping en herskepping rondom jou laat sien)...en dit te midde van die verskeuring en angs en spanning wat die sonde óók elke dag rondom en in jou laat ontplof!

-Jy mag nie ophou voordat jy dit nie gedoen het nie...Jy mag geen dag begin voordat jy nie só voor die Here jou verootmoedig het nie...jou kop en hart se kompas moet éérs vas op koers wees voordat jy jou dagreis kan begin.

**DIE VREDE-VREUGDE WAT DIE HERE SO IN JOU HART EN VERSTAND LAAT POSVAT**

Hierdie intense verlossings blydskap is vér bokant ons natuurlike sondige begrip, want dit is te wonderbaar en heerlik...ons kan dit net maar elke dag opnuut met oop en dankbare hande en harte uit God's hand ontvang.

Alléén so kan en mag jy jou dag begin...anders mis jy Sy verlossings vreugde en-vrede wat Hy so duur vir jou verwerf het en wat Hy jou elke dag opnuut wil laat belewe.






## DIE GEHEIM VAN ONUITDRUKBARE VREUGDE.

Om innerlikke vreugde te verstaan vir my is om aan 'n mantel te dink wat 'n persoon aan het. Die mantel weerspieël hierdie vreugde sonder dat die persoon wat die mantel aan het eers daarvan bewus is.

Innerlike vreugde is die konstante bewustheid dat ons Hemelse Vader in beheer is en klaar enige situasie oorwin het omdat Hy ons oorwinnaar is en net goedheid en guns vir ons beplan het.

***Hulle het die gedagtenis van u grote goedheid laat uitstroom en jubel oor u goedheid – Ps 145:7***

Dit is net deur die weking van Heilige Gees in ons lewe wat hierdie konstante bewustheid kan wakker word in ons siel. Ons ontwaak hierdie bewustheid en trek die mantel aan deur tyd te maak om God te spandeer en sy aangesig dag na dag te soek.

***U het die weë van die lewe bekend gemaak U sal my vervul met vreugde by U aangesig. – Hand 2:28***

Petrus sê in ,1Petrus 1:8, dat ń onuitspreeklike en heerlike vreugde gegee word aan daardie wat in Jesus glo sonder om hom te gesien het. Dit is duidelik dat hierdie onuitsreeklike vreugde wat die mantel is wat ons neet by God alleen kan kry, ń belofte is van God wat Hy in oorvloed aan al sy kinders wil gee.

***Dit het ek vir julle gesê dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word – Johannes 15:11***

As dit so 'n duidelike belofte is van God is dit nie verbasend dat die satan alles sal doen om ons vreugde te steel nie. Hy probeer elke dag in alles om ons vreugde te steel deur ons fokus van God af te haal en ons uit sy teenwoordigheid te vat. Waarmee hou ons onsself besig deur die dag? Bring

ons goddelike wysheid in elke situasie in ons dag? Jesus sê bewaar jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorsprong van lewe. Maar daar is hoop God belowe Hy sal ons droefheid in vreugde verander (Jer 32:13). Ons is God se tempel, wat ons ons vul weerspieël deur ons mure.

***Die bevele van die Here is reg, hulle verbly die hart, die gebod van die Here is suiwer: dit verlig die oë – Ps 19:9***

God wil ons self kom aantrek met hierdie mantel. Ons kom kroon met vreugde olie (Ps 45:8). Dit is 'n daaglikse keuse om die liefde en oorwinning wat God vir ons gebring het deur Jesus te kies en aanvaar dag na dag.

Goddelike innerlike vreugde is tydloos, onuitblusbaar, onbeskryfbaar omdat dit alleen net in God gevind kan word deur Jesus omdat Heilige Gees dit aan ons openbaar het. Dis n koningklike mantel wat mooier as die mooiste mooi in die wêreld is en God het hierdie skat in genade vir al sy kinders in oorvloed kom gee.




Carina du Preez



## KERKSANG IN DIE GEREFORMEERDE KERKE LANDSWYD EN IN ONS GEMEENTE

Ds.Dirk Laufs

Om die Here te eer en jubelend Sy lof te besing tydens eredienste en elke paslike geleentheid, is 'n voorreg wat ons nie altyd opreg waardeer en ten volle benut nie....Veral in ons eie gemeente wat bevoorreg is om sterk sangers te hê wat die gemeente deurgaans pragtig lei tot besielende sang.

Ek staan dikwels stil op die kansel en laat die stemme en harmonie my net wéér en wéér met nuwe geloofsbesieling oorweldig.

**WAT Sê DIE HERE IN SY WOORD HIEROOR?**

Van twee bykans gelykkluidende Skrifuitsprake hieroor (Ef 5 : 19 en Kol 3 : 16) haal ek slegs die eersgenoemde aan: "...en sing onder mekaar **psalms, lofgesange en ander geestelike liedere**; sing met julle hele hart tot eer van die Here". Met "ander geestelike liedere" word veral bedoel die diepste hartuitstorting van die gelowiges wanneer hulle gemoedere vol is van blydskap in God en hulle dit dan in vreugdeliedere en jubelsange uiter, vergelyk Openbaring 5 : 9 en 14 : 3 "Toe sing hulle 'n **nuwe lied**..." Dit is geestelike liedere wat deur God die Heilige Gees beheers word en dit is Hy wat hierdie nuwe liedere se karakter bepaal sodat hulle totaal en al verskil van enige wêreldse lied of liedere wat deur sondige mense gemaak is of gemaak word. Hulle is geïnspireer deur die Heilige Gees wat gelowige mense-begenadigdes gebruik om lof-en aanbiddings middele vir gebruik in Sy kerk voort te bring. Ons dink hier by voorbeeld aan ons Geloofsbelydenisse en Kategismus en Formuliere wat op dieselfde manier ontstaan het. Dit het oor jare heen tussen gelowiges na vore gekom en is op die ou-end deur al die gelowiges biddend saam (d.m.v. Sinodebesluite van tyd tot tyd) as God-waardige hulpmiddels in Sy kerk goedgekeur en vir gebruik aanvaar.

**HOE HANTEER DIE GEREFORMEERDE KERKE LANDSWYD KERKSANG IN GEMEENTES?**

Sedert 2003 was dit 'n staande opdrag van die Sinode van die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) aan een van sy studiegroepe (deputate) bestaande uit dominee's en professore en kerkmusiek kundiges om nuwe berymings en liedere, Skriftuurlik en andersins te beoordeel en dan aan die Sinode voor te lê vir finale goedkeuring. Hieruit volg dat Sinode 2012 toe besluit dat benewens dit wat in Gereformeerde Kerke gesing moet word; naamlik die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsang van Maria, Sagaria en Simeon, ook... "**Ander Skrifberyminge en Skrifgetroue liedere wat die Sinode goedgekeur het**, in die vryheid van die kerke gelaat word". Met ander woorde die Kerke/Gemeentes moet self besluit of hulle hierdie Skrifgetroue liedere in eredienste(of buite die eredienste tydens ander geleenthede) wil sing of nie.

Om lidmate in staat te stel om hierdie nuwe Skrifgetroue en goedgekeurde liedere in eredienste te kan gebruik, is 'n tussentydse bundel uitgegee waarin al hierdie nuwe goedgekeurde liedere saam- gevoeg is met die titel : "AANVULLENDE PSALMBOEK 2012". Om een of ander rede is hierdie publikasie feitlik onbekend in ons Gemeente en onbekend maak onbemind. Dit kan egter by die Admin. Buro in Potchefstroom bestel word.

Ek plaas een van die aangrypende lofliedere uit hierdie "AANVULLENDE PSALMBOEK 2012" hieronder. Hierdie loflied en melodie is al sedert 1776 (lank voor die ontstaan van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika!) in die kerke na die Reformasie gesing. Dit gryp my as gelowige – en ek glo ook vir u – diep in die hart en dit is my bede dat ons dit weldra ook in ons Gemeente tydens eredienste tot Sy eer sal kan sing om só getrou te bly aan Sy opdrag in die Woord : "...Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing"(Kol 3 : 16).






2 In genade, groot en ryk,
bou U, Heer, u koninkryk.
Voordat ek kon kies, kon vra,
het u Seun my vloek gedra.
Ek kon vind: U't my gekry
voor ek nog my skuld bely.

3 U, oor alles God en Hoof,
open oë van geloof
dat ons sien, geen goed of kwaad
word aan toeval oorgelaat:
Bokant ons begrip, verstand,
hou U al wat is in stand.



# Nuus uit die gemeente

## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- Marthie Erasmus - 84 jaar – 24 Mei – 082 927 5140 Wyk Pionierspark
- Anna Scheepers - 93 jaar – 2 Julie - 083 459 2952 Wyk Pionierspark
- Chris Ehlers - 90 jaar – 9 Augustus - 060 399 5747 Wyk Koedoeskop
- Cielie van der Linde – 84 jaar- **10 Augustus** -083 459 2952 Wyk Florapark
- Ina Venter -80 jaar-**05 Julie** - 083 384 3164

## ATTESTATE:

- Met attes aangesluit vanaf GK Brits Br. Johannes Philippus (noem Hannes) Pretorius en eggenote Sr. Susanna Otilia (noem Susan) Pretorius gebore Badenhorst, wyk Fairfield.
- Met attes aangesluit vanaf GK Elandskraal Sr. Louisa Johanna van Rensburg Wyk Leeupoort.





# Pitkos

**Soms vergeet ons dat geloof so eenvoudig is. Ons wil dit dikwels so moeilik maak. Kom ons leer vandag by die Griekwas oor die eenvoud van God se wet.**

**Tien Gebooie- Griekwa weergawe**

Net Ons Jirre Issie Jirre

Ons Jirre is jaloers as jy 'n annir Jirre loop soek

Jy magi Jirre sê wannir jy willie

Jy magi skylte bou of bok loop soek opi Jirre se dag nie

Sorg dat jou se pa en ma altyd ini koelte sit en baja nama bessies eet.

Jy magi jou se broer jimmel toe slat nie.

Jy magi by annir man se vrou loop lê.

Jy magi annir man se kalbasse en bokke loop vati.

Jy magi liegpraaikies oor annir liegie.

Jy magi met lang oge na annir man se goete kykie.

## Praktiese idees vir as jy gefrustreerd is

Partydae loop alles verkeerd. Alles en almal irriteer jou en jy kry net nie jou fokus op God nie. STOP net daar. Kyk wat kan jy vir iemand doen en sien hoe jou gedagtes, gemoed en dag verander.

### Hier is n paar idees

1. Wanneer jy bestuur en die verkeer loop stadig en mense druk voor jou in. Moenie in die strik trap om opgewerk te word nie. Gee iemand 'n kans wat probeer in kom van die kant af.

2. Jou oggend loop dol by die werk . Die ink is klaar van die printer, die bestellings is nie afgelewer nie, die bank is aflyn. STOP. Maak 'n koppie koffie vir jou kollega.

3. Jy en jou tiener stamp koppe. Hittige woorde vlieg deur die lug.STOP. Maak 'n kring vat hande en bid. Maak dan vir almal koeldrank en begin oor.






4. Die buurman se honde dryf jou teen die mure uit. Bak 'n koek en gaan drink koffie. Leer ken die honde se name en maak vriende.

5. Jy is eensaam en alleen. Kontak die SAVF, TAR of Kerk en vra wat kan jy vir hulle doen.

6. Wonder jy wat jy kan doen vir ander?

   - Gaan hospitaal toe en besoek mense wat niemand kry om hul te besoek.
   - Gaan Ouetehuis toe en gaan gesels met die bejaardes
   - Loop uit in die straat en tel papiere op
   - Bak 'n koek en gaan ontmoet die bure
   - Bel die Kerk en vra of jy weekliks die Kerk kan skoon maak.

- As jy 'n besige program het, vind uit watter kinders het nie vervoer skool toe nie en bied aan om hulle op te tel op jou pad uit in die oggend en af te laai by die skool. Al die skole het liefdadigheids projekte. Vra hoe kan jy bydra. Al koop jy net elke maand 'n paar goedjies ekstra wat jy vir die projek skenk maak jy 'n reuse verskil sonder wat nie TYD vat nie.



Kyk uit vir geleenthede waar jy vir iemand iets kan beteken. Ons leef verby mekaar en daardeur verloor ons, ons vreugde.

.



